A R T I K E L

*deur Prof F A van Jaarsveld*
*Universiteit van Pretoria*

# Skoolgeskiedenis in die Nuwe Suid-Afrika

Wie 'n gekwelde gewete het, kan nooit die geskiedenis begryp nie.

Dit is 'n uitspraak van George Sand. In Suid-Afrika werk dit na twee kante toe, na die Afrikanersiening van die verlede en na die swart radikale visie daarop. Die Afrikanervisie is gekondisioneer deur die stryd teen die 19de eeuse Britse imperialisme en 20ste eeuse stryd om opperheerskappy tussen die twee blanke taalgroepe. Die swart radikale siening is bepaal deur wat hulle as onderdrukking en diskriminasie deur die Afrikaners ervaar het. Beide visies is emansipatories in benadering; in beide vind ons 'n vryheidstrewe as kern: 'n vryheidstryd teenoor 'n bevrydingstryd.

In die Afrikaners se geval is in diens van nasionalisme en volkseenheid 'n nasionale mite geskep wat van die Suid-Afrikaanse geskiedenis wesenlik 'n Afrikanergeskiedenis gemaak het. Sy twee pole was en is nog steeds die Groot Trek en die Anglo-Boereoorlog. Geen uitsig op die toekoms kon so kragtig tot eendrag aangespoor en die selfgevoel so lewendig opgewek het as 'n terugblik op 'n roemryke verlede nie. Daarin is identiteit en inspirasie ontleen. In die geval van die swart radikale se geskiedbeeld, tref ons strydvaardigheid, griewe-herdenking, inspirasie en ideologiese regverdiging aan.

In die lig van veranderende omstandighede het die Afrikaner se geskiedbeeld in die historiese bewussyn versandsuiker en tot 'n jaarlikse ritueel gekonkretiseer wat as onwerklik voorkom. Die grond waaruit die beeld in die verlede onstaan het, het sodanig verskuif dat dit vandag as irrelevant verskyn; nogtans vorm die stryd teen die Britte tot hede nog die hoofdis in ons skoolgeskiedenis. Die geërfde geskiedbeeld verdien grondige hersiening en aanvulling in die komende, nuwe Suid-Afrika. Deur 'n gekwelde gewete het groot dele van die resente geskiedenis die aandag ontglip onder andere modernisering en die pyn, lyding en vernedering wat deur Apartheid veroorsaak is. Met die val van die Afrikanerstaatidee en Apartheid in 1990, wonder 'n mens of die Afrikaners ooit die geskiedenis van Suid-Afrika werklik verstaan het.

Waar die Afrikaners die verlede vertolk het as 'n oopstelling van 'n swart kontinent vir Christendom en beskawing teen inheemse weerstand in, het swart radikale dit voorgestel as 'n inval, verowering, onderwerping en onteiening van die inheemses wat meer as 300 jaar weerstand gebied het tot en met hulle bevryding. Die tradisionele blanke inhoud het dus verskuif van 'n stryd tussen Boer en Brit tot 'n stryd tussen swart en wit om opperheerskappy. Die probleem met die "people's history" is dat dit onwerklik word omdat hedebelange in die verlede teruggeprojekteer, en die beeld verpolitiseer en verideologiseer word.

Daar word soms vergeet dat met dekolonisasie daar 'n omslag in die historiese beskouingswyse gekom het: Waar dit vroeër om blanke uitbreiding in ander kontinente in koloniale en imperiale geskiedenis gesentreer, wat die historiese wind van agter gehad het, het dié voorstelling in ons tyd in onguns verval, en word vandag die klem gelê op die inheemse geskiedenis van kontinente en state wat anti-koloniaal en anti-imperialisties gerig is, en waarin die wind van verandering nou in sy guns gedraai het. Die geskiedenis word vertolk as synde aan swart emansipatoriese kant.

Hierby kom dat daar binne die vak geskiedenis ook 'n verskuiwing van belangstelling gekom het. Dit het wegbeweeg van staat, politiek, groot manne en oorloë na sosiaal-ekonomiese, kulturele en volkekundige verskynsels. Hierdie beweging van personalistiese na strukturele verskynsels en van gebeurtenis- na sosiale prosessegeskiedenis het nog nie neerslag in die skoolgeskiedenis gevind nie.

Geskiedenis op skool is in ons tyd geen vanselfsprekende saak meer soos vroeër nie. Daar het 'n veranderde waardering in die wêreld van geskiedenis in die opvoeding van die mens gekom vandaar die kritiek op die bestaande leerplanne. Gaan ons die geskiedenis van die geskiedenis op skool na, vind ons dat dit deurgaans 'n uitdrukking van die historiese bewussyn was, gerig op regverdiging van die bestaande orde, oriëntering op wit belange en ná 1948 die begronding van 'n Afrikaneridentiteit.

Daar was nog nooit tevredenheid met geskiedenisonderrig op skool nie. In die 19de eeu het nasionalistiesgesinde Afrikaners gekla oor die eensydighede van die "British" en "Cape History" wat Engeland as moederland sentraal gestel het, en 'n vaderlandse, Suid-Afrika gesentreerde geskiedenis geëis. Uit reaksie teen die nasionalistiese geskiedenisonderrig, het lord Milner na

# Skoolgeskiedenis in die Nuwe Suid-Afrika

1902 vaderlandse geskiedenis vervang met Britse Ryksgeskiedenis wat proteste van Afrikanerkant uitgelok het. Na 1948 was daar beswaar van Engelstalige kant teen 'n eensydige Afrikanergeskiedbeeld in die leerplanne wat hulle bydrae onderskat en onderbelig het, terwyl in die tagtigerjare daar klagtes van die kant van swart en bruin Suid-Afrikaners was omdat die geskiedenisleerplanne blank- en Afrikanergesentreerd is, en nie reg aan hulle bydrae tot die opbou van die land laat geskied nie. Die reaksie was "people's history" wat 'n streep deur die verwyderde geskiedenis trek en die ware geskiedenis met die sukses van swart verset laat begin, waarin die gewone mense of werkersklas sentraal gestel word.

Orals heers daar vandag probleme met geskiedenisonderrig, ook in Europa waar die "nasionale" of vaderlandse geskiedenisse vanaf 1992 moontlik in die roereierpan van 'n verenigde Europa opgeklits sal moet word. Geskiedenisonderrig is 'n sensitiewe aangeleentheid, veral in Suid-Afrika waar ons'n multikulturele samelewing het, waarin groepe gevoelig is oor hoe hulle in die geskiedenis voorgestel word.

'n Oplossing van die probleem in die nuwe Suid-Afrika sal wees dat wit, bruin en swart opvoedkundiges gesamentlik ooreen moet kom oor leerplaninhoude wat reg aan almal kan laat geskied. Om die drang na identiteit te bevredig en aan plaaslike behoeftes te voldoen, kan die leerplanne geregionaliseer word, of daar moet so 'n gerekte, enkele leerplan wees dat dit wye keuses toelaat, wat voorsiening maak vir groepsbehoeftes veral wat identiteit betref, maar altyd teen die agtergrond van die samelewing as geheel, sodat ewewigtigheid tussen die onderskeie groepsbydraes tot die opbou van die land gehandhaaf kan word.

Die leerplanne sal voorsiening moet maak vir 'n multiperspektiwiese benadering tot die landsverlede, wat beteken dat gebeurtenisse tegelyk uit verskillende perspektiewe ooreenkomstig die deelnemende akteurs bestudeer kan word. Dit moet die vorming van 'n eie oordeel aan 'n leerling oorlaat. Ook skoolgeskiedenisboeke moet volgens die beginsel saamgestel word, anders sal daar in 'n multi-etniese samelewing nooit tevredenheid kan wees nie.

Ongelukkig is dit vandag so dat onderrig in geskiedenis nie kennis bevorder nie omdat dit te veel 'n versameling is van stereotipes, meestersimbole en vyandbeelde; dit mis 'n Suid-Afrikaanse instelling, is te sterk politiek gerig en sonder samehang met samelewingsgeskiedenis en kulturele en sosiaal-ekonomiese ontwikkelinge, wat nie insig en begrip kan bybring nie. Dit is nog te veel gerig op 'n soort ensiklopediese oorsig en dien bloot as voorbereiding op 'n eksamen. Omdat eietydse geskiedenis in die leerplann ontbreek, kan 'n leerling nie sy tydgenootlike ontwikkelinge begryp nie. Waar die blanke skole by 1970 ophou, is die eindperktyd vir swart skole, 1948. Waar geskiedenis sy relevansie verloor, kan 'n mens verwag dat belangstelling sal kwyn.

Wat 'n toekomstige regering as doelstelling vir staat en samelewing stel, sal opnuut die uitleg van die verlede en die verstaan van die hede bepaal. Dit sal hemelsbreed verskil van wat tans op skool aangebied word.